

# eish!

Personeelblad van die NWU



NORTH-WEST UNIVERSITY  
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA  
NOORDWES-UNIVERSITEIT

VOLUME 4 No 3 Mei 2010

## Dr Eloff en President Zuma deel verhoog

*Dr Theuns Eloff, Visekanselier, het vroeër vanjaar saam met President Jacob Zuma as gaspreker opgetree tydens die prysuitdelingsfunksie waar die Suid-Afrikaanse Persklub die Joernalis van die Jaar aangekondig het. Tydens dié geleentheid is president Zuma ook as Nuusmaker van die Jaar aangewys. Lees meer oor die goeie mediadekking wat dié gebeurtenis vir die NWU in die sak gebring het in die berig op p3.*

*Lees binne!*

4

Freek van Fokus  
kuier hier

11

Mandi snuffel  
geld uit

12

Prof Herman  
glo aan  
uitnemendheid

## BOODSKAP VAN DIE VISEKANSELIER

*Beste kollegas*

Ten spyte van die druk van die verkorte akademiese jaar is ek dankbaar dat hierdie jaar so glad verloop. Ek weet dit is net te danke aan al die NWU-personeel wat volstroom aan die werk is!

Wat die afgelope kwartaal betref, wil ek twee sake uitlig:

- Die Transformasie-colloquium was baie suksesvol en het die geleentheid aan interne belanghebbendes gebied om in gesprek te tree oor waar ons nou in die proses van transformasie is. 'n Verslag sal by die Junie-Raadsvergadering dien, waarna meer inligting bekend gemaak sal word.
- Die uitslag van die derde Kultuur-en Klimaatstudie wat aan die einde van verlede jaar gedoen is, is bekend. Die uitslag van dié opname was aansienlik gunstiger as die vorige opname s'n, en die kultuurkosiënt verbeter steeds – met ander woorde personeel is oor die algemeen gelukkig om by die NWU te werk! (Lees meer hieroor op p5.)

Ons 2009-jaarverslag dien in Junie by die Raad en meer daaroor volg in die volgende Eish! Dit is merkwaardig dat ons weereens op bykans al die prestasie-aanduiders verbeter het, soos wat die volgende (bykans finale) syfers aandui:

	2008	2009
Totale studente-inskrywings	47 008	50 743*
Voorgraadse slaagsyfer (kontak en afstand)	81,2% (5de)	83,73% (verbetering, waarskynlik 4de in SA)
Gradueringsyfer (getal grade as % van totale studentetal)	26% (top 3)	26,5% (top 3)
Grade en diplomas toegeken (totaal)	12 337 (top 3)	13 444 (top 3)
Meestersgrade toegeken	583 (6de)	657 (verbetering)
PhD's toegeken	100 (6de)	123 (verbetering)
Artikelekwivalente gepubliseer (totaal)	502 (7de)	Ongeveer 450* (bietjie minder as 2008)
NNS-gegradeerde navorsers	102 (11%, 6de)	107* (11,2%, 6de)
Totale navorsingsuitset	1 083 (6de)	Nog nie beskikbaar nie, maar waarskynlik > 1 200
Totale inkomste	R1 671m	R1 827m
Kapitaaluitgawes op opgraderings	R48,5m	R61,2m

\* Nie finale syfers

Wat die res van 2010 aanbetref, lê daar steeds 'n besige tydperk voor. Op institusionele vlak is die volgende twee sake hoog op die agenda:

- Teen die tyd dat hierdie Eish gepubliseer word, behoort ons al die finale verslag van die HOKK-institusionele oudit te hê (meer detail hieroor in my nuusbriëf). Ons is dankbaar dat die NWU op die regte pad is wat gehalteversekering betref. In die tweede semester sal ons daarop moet fokus om die verslag te ontleed en 'n gepaste verbeteringsplan saam te stel, wat by die HOKK ingedien moet word.
- Die finalisering van 'n internasionaliseringstraamwerk bly steeds hoog op die agenda, maar vir eers is die tyd van GROOT sokker om die draai.

Ek hoop julle kry kans om 'n wedstryd of twee te kyk. Geniet die ex gratia-verlof en mag ons almal veilig en uitgerus terugkeer om die laaste stuk van die jaar aan te durf. Baie dankie ook aan die kollegas wat noodsaaklike dienste lewer tydens hierdie tydperk... julle beurt sal kom!

Buena suerte! *Jheuns Cloet*

## Eish! – kyk waar trek die jaar!

Teen hierdie tyd het somer en herfs plek gemaak vir winter, maar van hiberneer is daar nie sprake by die NWU nie.

Oral word daar steeds met geesdrif gewoel en talle akademici brand waarskynlik nou die middernagkers om hul stapels vraestelle te merk. Gelukkig is daar 'n ruskans in sig: die ex gratia-verlof wat op 28 Junie begin.

Lees gerus op p15 hoe die vertelling of foto van jou ex gratia-verlof 'n prys vir jou in die sak kan bring.

Ons is bly om te sien dat al hoe meer Eish!-lesers lewer kommentaar oor berigte. Een van ons lesers op die Potchefstroom-kampus verwys byvoorbeeld tong in die kies na die berig oor die bouery op die kampusse wat in die vorige Eish! verskyn het, want waar gebou E5 (nog moet) verrys, was daar in daardie stadium nog net 'n mini-Kimberlyse gat.

Wel, teen die tyd wat hierdie Eish! gepubliseer word, het daar dalk al iets in die omgewing van dié Groot Gat gebeur. Hulle sê nou wel waar 'n rokie trek, is daar 'n vuurtjie, maar as ons gelukkig is, kan ons dalk binnekort sê waar 'n gat gegrawe is, verrys daar (hopelik) 'n gebou...

**Stuur gerus julle kommentaar oor hierdie Eish! vir [marelize.santana@nwu.ac.za](mailto:marelize.santana@nwu.ac.za) met "kommentaar" in die onderwerpblokkie. Julle opinies en gedagtes is vir ons belangrik – deel dit met ons!**

Groete

*Marelize & Nelia*



# Joernalis van die Jaar-kompetisie bring driedubbele mediadekking mee



*Dr Theuns Eloff, Visekanselier (heel links), by die Joernalis van die Jaar, me Joy Summers, (tweede van links), me Marion Scher, beoordelaar en bekende vryskutjoernalis en mediakonsultant, (tweede van regs), en mnr Yusuf Abramjee, Voorsitter van die Persklub (heel regs).*

**D**ie Suid-Afrikaanse Persklub se Joernalis van die Jaar-kompetisie het vir die NWU vanjaar driedubbele mediadekking meegebring.

Die Universiteit het die kompetisie geborg, die Visekanselier, dr Theuns Eloff, was een van die gassprekers tydens die prysuitdelingsfunksie en prof Henk Bouwman van die Potchefstroomkampus was betrokke by die TV-program wat die wenjoernalis gemaak het.

Die Joernalis van die Jaar, me Joy Summers, het vir Carte Blanche 'n program gemaak oor die moontlike gevare wat die spuit van DDT in huise inhou. Prof Bouwman was een van die wetenskaplikes wat hieroor navorsing gedoen het.

Tydens sy toespraak het dr Eloff gesê alle sektore – ook die regering, hoëronderrig en die media – behoort 'n balans te handhaaf tussen toerekenbaarheid en effektiwiteit aan die een kant en rekonsiliasie en transformasie aan die anderkant.

“Ek glo dié geleentheid gaan juis oor die onontbeerlike rol van 'n onafhanklike media

om die waarheid akkuraat weer te gee, terwyl hulle sensitief is vir die hart en siel van die land en sy mense.”

Die Universiteit gaan weer volgende jaar die kompetisie borg, wanneer 'n Redakteur van die Jaar ook aangewys gaan word.

Prof Henk Bouwman van die Navorsings-eenheid vir Omgewingswetenskappe en Bestuur op die NWU se Potchefstroomkampus was deel van 'n internasionale groep wetenskaplikes wat navorsing doen oor die moontlike gevare wat die gifstof DDT inhou wanneer dit binnenshuis vir malariabeheer gebruik word.

Hoewel die landboukundige gebruik van DDT reeds in 1976 in Suid-Afrika verbied is, word dit steeds in huise gespuut om malaria-draende muskiete te beheer.

Navorsing het bewys dat daar moontlik 'n verband is tussen die blootstelling van mense aan hoë vlakke van DDT en siektes soos kanker, diabetes, ontwikkelingsprobleme in fetusse en kinders, en verlaagde fertiliteit.



*Prof Henk Bouwman van die Potchefstroomkampus (links) was deel van die span navorsers wat in die Joernalis van die Jaar, me Joy Summers, (regs) se TV-program vir Carte Blanche opgetree het.*

Prof Bouwman se navorsing het spesifiek getoon dat DDT in borsmelk hoogs waarskynlik afkomstig is van kontak met DDT binne en rondom die bespuite huise, eerder as net van voedsel, soos eers vermoed is.

“Die hoë DDT-vlakke in borsmelk oorskry alle bekende gesondheidskriteria, en dra beduidend by tot DDT-vlakke in borsvoedende babas,” het prof Bouwman gesê.

Hoewel dié bevindinge gesien moet word in die lig van die groot getal mense wat jaarliks aan malaria sterf, moet DDT heroorweeg word as eerste uitweg om dié gevaar te bekamp. Daar moet eerder na veiliger metodes gekyk word soos byvoorbeeld die gebruik van muskietnette en veiliger insekdoders om blootstelling van mense aan DDT te verminder.

# FREEK van Fokus-faam vermaak ons mediasterre

**G**ratias publisiteit ter waarde van ongeveer \*R100 miljoen is beslis nie te versmaai nie.

Die Universiteit het onlangs tydens 'n spesiale geleentheid dankie gesê vir 'n groep NWU-kundiges wat verlede jaar deur hul radio-, TV- en ander media-optredes vir die instelling dié waardevolle publisiteit in die sak gebring het.

Dié groep het behoorlik aan die lippe gehang van die bekende radio- en TV-persoonlikheid, Freek Robinson wat die aand as gasspreker opgetree het. Freek het hulle vermaak met staaltjies uit die uitsaaiwese en het tussendeur ook waardevolle wenke oor onderhoudvoering gegee.

*\*Die maatskappy, Monitoring SA, hou instellings soos die NWU se mediablootstelling dop en heg geldwaarde daaraan.*

## So sê Freek...

- Wees te alle tye jou beste self.
- Berei goed voor.
- Mediatyd is kosbaar – besluit watter boodskap (so drie tot vier punte) jy wil oordra, en hou daarby.
- Moenie dat die onderhoudvoerder jou op 'n dwaalspoor lei nie.
- Moenie dit aan die onderhoudvoerder oorlaat om die 'regte' vrae te vra nie – dra doelgerig jou boodskap oor.
- Gebruik maklik verstaanbare taal – moenie 'n akademiese lesing gee nie.
- Bly in beheer van jou emosies – angs of woede verminder jou breinkrag.
- Konsentreer en bly deurentyd 100% gefokus. Die TV-kamera kan byvoorbeeld steeds op jou gerig wees, al praat jy nie op daardie oomblik nie.
- Gee erkenning aan jou luisteraars of kykers deur byvoorbeeld te sê: "Die luisteraars sal waarskynlik belangstel om te weet dat ..."
- Win vooraf inligting in oor die onderhoudvoerder – kyk byvoorbeeld hoe die persoon gewoonlik sy ateljeegaste tydens 'n onderhoud hanteer.
- Let op jou lyftaal tydens 'n TV-onderhoud. Dit dra dikwels meer oor as wat jy besef.
- Gebruik jou stem tydens 'n radio-onderhoud om jou boodskap interessant oor te dra – moet byvoorbeeld nie op een toon praat nie.

*Van die kundiges met wie die media dikwels onderhoude voer is voor van links mnr André Mellet, 'n ekonoom van die Vaaldriehoekskampus en prof André Duvenage, 'n politieke kenner van die Potchefstroomkampus. Langs hulle sit mnr Freek Robinson, bekende radio- en TV-persoonlikheid. Links agter staan prof Aai Boothe, 'n finansiële kundige van die Mafikengkampus by dr Theuns Eloff, Visekanselier.*



# GELUKKIGES is nou NÓG MEER as die beswaardes


Die NWU-personeellede wat glimlag word al hoe meer, terwyl die getal beswaardes afneem. Daarby blyk dit dat die werksomgewing een van die dinge is wat die personeel die breedste laat glimlag en dat die grootste toename in glimlaggende kollegas op die Mafikengkampus is.

Hierdie is van die feite wat na vore gekom het uit die derde Kultuur- en Klimaatopname wat aan die einde van verlede jaar deur die maatskappy What Works by die NWU gedoen is. Die uitslag van dié opname was 28% gunstiger as die vorige opname s'n, met die grootste positiewe beweging sigbaar in die uitslag van die Mafikengkampus.

## HOE PERSONEEL DINK EN VOEL

Die kultuurkwosient – dit is hoe die mense by die NWU oor die klimaat en kultuur van die organisasie dink en voel – verbeter steeds. Dit is nou 63,3%, vergeleke met 58,3% in 2007 en 53,3% in 2005. (Dit moet natuurlik gelees word teen die aanvaarbare norm van 'n maksimum van 75%). Dit is ook die eerste keer dat al vier sake-eenhede se uitslag bo 60% is.


Die uitslag van die kultuurkwosient wys dat die Mafikengkampus die positiefste is (67,6%), gevolg deur die Potchefstroomkampus, die Institusionele Kantoor en die Vaaldriehoek-kampus.



## WAARVAN PERSONEEL HOU

Die ses belangrikste areas wat gemeet is, was strategiese leierskap, werksomgewing, effektiewe organisasie, personeelwaardes en -houding, die bevoegdheid van die organisasie, en handelsmerk en beeld. Hierdie areas staan bekend as 'ankers'.

Die area waarvoor die personeel die positiefste voel is hul werksomgewing (68,7%), en die area waarvoor hulle die minste positief voel, is strategiese leierskap (56,4%).



Wat opval is dat die Mafikeng-deelnemers aan die 2005-opname klaarblyklik nie juis beïndruk was met hul werksomgewing nie. Tydens daardie opname het hulle net 39,7% toegeken aan dié area. Hierdie keer het die opname egter gewys dat die Mafikeng-deelnemers nou baie meer van hul werksomgewing hou. Die persentasie het aansienlik gestyg – dit is nou 68%.

## WAT PERSONEEL VOORSTEL


In die afdeling met oop vrae kon deelnemers ook voorstelle maak. Van die voorstelle was dat die Universiteit nog selfs meer aandag moet gee aan:

- internasionalisasie
- uitkomsgebaseerde prestasiebestuur,
- belyning tussen die kampusse,
- balans tussen die Institusionele Kantoor en die kampusse,
- konsekwentheid in die bestuur van mensehulpbronne,
- onder-na-bo-transformasie,
- die balansering van die drie kernbesigheidsdoelwitte (onderrig-leer, navorsing en die implementering van kundigheid).

Die uitslag van die opname is reeds aan die Institusionele Bestuur voorgelê en gaan in Junie aan die NWU-Raad voorgelê word. Hulle sal die bevindinge van die opname in ag neem vir hul strategiese beplanning vir volgende jaar.

Die konsultant van What Works sal die uitslag van die opname in die tweede kwartaal tydens een sessie per kampus met die NWU-personeel bespreek. Inligting oor waar en wanneer dié sessies sal plaasvind, sal binnekort bekend gemaak word.

Feitlik twee keer soveel personeellede het aan die derde Kultuur- en Klimaatopname deelgeneem as wat aan die eerste opname in 2005 deelgeneem het:



# PRESTASIEBESTUUR word nog verder **verfyn**

**D**ie NWU is die enigste universiteit in Suid-Afrika waar prestasie-ooreenkomste tot op feitlik alle vlakke geïmplementeer word.

Hoewel dié stelsel as 'n NWU-sterkpunt aangedui is in die selfevalueringsverslag wat die Universiteit opgestel het vir die Hoëronderwyskwaliteitskomitee se 2009-oudit, is daar tog tydens die selfevaluatie 'n paar gapings in die stelsel geïdentifiseer.

Prof Chris van der Watt, Direkteur: Leierskapsakademie en Organisasieavorsing, sê die NWU is besig om dié gapings aan te spreek en prestasiebestuur nog verder te verfyn.

Gapings word aangespreek deur onder meer aandag te gee aan die term 'prestasie-ooreenkoms', die interpretering en implementering van die stelsel deur fakulteite, kommunikasie oor verantwoordelikhede, en terugvoer van studente.

## **EEN TERM VIR ALMAL**

Die term 'prestasie-ooreenkoms' gaan nou deurgaans vir alle personeel-kategorieë gebruik word. In die verlede het akademiese personeel taakooreenkoms gehad, ondersteuningspersoneel taakbeskrywings en bestuurders prestasie-ooreenkoms. Om verwarring uit skakel, sal die term nou in alle gevalle gebruik word, hoewel die vorms vir die verskillende kategorieë verskil.

## **EFFEKTIEWE IMPLEMENTERING**

Fakulteite kon tot dusver die prestasie-ooreenkoms aanpas om by hulle besondere behoeftes te pas, solank dit steeds aan die doelwitte van die prestasiebestuurstelsel voldoen. Viserektore: Akademie is onlangs versoek om saam met dekane te kyk na die interpretasie en toepassing van die stelsel deur fakulteite, om te verseker dat dit reg verstaan en toegepas word.

## **DUIDELIKER KOMMUNIKASIE**

Nog 'n gaping wat in die NWU se selfevaluatie aangedui is, is dat bestuurders



*Prof Chris van der Watt (regs) gesels met me Phumzile Mmope, Uitvoerende Direkteur: Korporatiewe Sake en Verhoudinge, oor die ontwikkeling van die prestasie-ooreenkoms aan die NWU.*

en hul personeel as gevolg van onvoldoende kommunikasie verskillende sieninge van personeel se verantwoordelikhede het. Dit kan voorkom word as bestuurders hul werknemers se prestasies behoorlik beplan, organiseer, monitor en evalueer. Om dit te verseker, gaan die manier waarop bestuurders die prestasiebestuurstelsel ten opsigte van hul personeel hanteer, voortaan in hul eie jaarlikse prestasie-evaluasies gereflekteer word.

## **REGMERKIES VAN DIE STUDENTE**

Die departement Akademiese

Steundienste het ook opdrag gekry om 'n betroubare en geldige stelsel te ontwikkel waarmee studente akademiese kan evalueer. Dit behoort in die tweede semester deel van die prestasiebestuurstelsel te word.

"Effektiewe prestasiebestuur dra by tot die sukses van enige organisasie. By die NWU glo ons dat die regte toepassing daarvan deel is van ons kompeterende voorsprong; nie net in terme van ons uitsette nie, maar ook ter wille van die gehalte van ons personeel se werklewe," sê prof Chris.

# Leierskapsakademie lei Ethiopiërs op

*Die NWM-Leierskapsakademie + die Vrije Universiteit van Amsterdam + vyf universiteite van Ethiopië = bestuursontwikkeling.*

**D**ie wenformule is prakties toegepas toe 43 bestuurders van vyf verskillende universiteite in Ethiopië onlangs 'n bestuursontwikkelingsprogram by die NWU-Leierskapsakademie bygewoon het.

Die Vrije Universiteit kry fondse van die Nederlandse regering vir ontwikkelingsprojekte in die hoërondwyssektor in ontwikkelende lande.

Hulle het die NWU se Leierskapsakademie genader om die opleiding vir die Ethiopiërs aan te bied. Die program wat tussen 15 en 26 Maart 2010 by die Institusionele Kantoor aangebied is, het

werkswinkels oor veranderingsbestuur en polariteitsbestuur ingesluit. Polariteitsbestuur gaan oor byvoorbeeld die bestuur van die voor- en nadele van sentralisasie en desentralisasie.

Behalwe dié werkswinkels wat aangebied is deur prof Chris van der Watt, Direkteur: Leierskapsakademie en Organisasieavorsing en prof Willie Coetzee, 'n eksterne konsultant, het leiers in die hoërondwys ook die groep oor universiteitsbestuur toegesprek. Hulle is byvoorbeeld dr Theuns Eloff, NWU-Visekanselier, prof Rolf Stumpf, waarnemende Hoofdirekteur van die Raad vir Hoërondwys en prof Derek van der Merwe, Pro-visekanselier van die Universiteit van Johannesburg.

Kursusgangers kon ook met NWU-kundiges gesels soos prof Annette Combrink, Direkteur: Internasionalisering en Fondswerwing, prof Themba Mosia, Institusionele Registrateur, prof Mariëtte Lowes, Viserektor: Akademie, Potchefstroomkampus en prof Leon Jackson, Bedryfsielkundige en lektor, Besigheidskool, Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Potchefstroomkampus.

“Die deelnemers het die program baie positief geëvalueer,” sê prof Chris. “Ons het goeie bande gesmee met die oog op toekomstige samewerking, byvoorbeeld wat opvolgkursusse, doktorsale studies by die NWU, en verskillende vakgebiede betref.”

## REGTER se woorde plaas MENSEREGTEDAG in perspektief

**K**en jy jou regte by die werkplek? Respekteer jy ánder se regte by die werkplek? Regter Raymond Zondo, Regterpresident van die Arbeidshof en Arbeidsappèlhof, het dié kwessies aangespreek toe hy die NWU op 24 Maart 2010 besoek het.

Regter Zondo was die gasspreker by 'n werkswinkel wat die NWU by die Institusionele Kantoor gehou het om Menseregtedag te vier. Dié geleentheid was 'n inisiatief van die NWU se Menseregtekomitee.

Die tema van regter Zondo se toespraak was “Jou regte by die werkplek”. Hy het vergelykings getref tussen die tekort aan regte wat die werknemers in die tyd van die Sharpeville-insident in 1960 ervaar het, en die hedendaagse situasie.

“Ons moenie toelaat dat die vooruitgang wat sedert Sharpeville gemaak is, in die wiede gery word nie,” het hy gesê. “Hierdie verantwoordelikheid berus nie net by die politici nie. Ons moet almal



*Van links is mnr Anton Scheppel, Bestuurder: Arbeidsverhoudinge, (Institusionele Kantoor), prof Christo van Wyk, Voorsitter van die Institusionele Forum van die NWU, regter Raymond Zondo, Regterpresident van die Arbeidshof en Arbeidsappèlhof, en prof Madoda Zibi, Direkteur: Diversiteit, Gelykheid en Menseregte (Institusionele Kantoor).*

die regte van werknemers in die werkplek bevorder en verdedig.”

Vir hom gaan dit veral oor diversiteit, respek, verantwoordelikheid en verdraagsaamheid. Werkers het byvoorbeeld die reg om te staak, maar ook die keuse om nie te staak nie. “Ons moet geweldadige stakings ver-

oordeel en druk op vakbonde plaas vir vreedsame stakings,” het hy gesê. Regter Zondo is veral bekend vir sy bydrae wat die gebruik van Suid-Afrika se amptelike landstale in die hof betref, asook sake wat te doen het met rassisme en seksisme en die waardes wat in ons Handves vir Menseregte verskans is.

## Kampus bied *Lekhela-gedenklesing* aan

Die Mafikengkampus het onlangs die Ernest Pelaelo Lekhela-gedenklesing aangebied, die tweede in 'n reeks lesings ter viering van die Kampus se 30ste bestaansjaar.



*Prof Mafori Mphahlele het die Ernest Pelaelo Lekhela-gedenklesing aangebied.*

Die gedenklesing, aangebied deur prof Mafori Mphahlele, was om hulde te bring aan prof Lekhela wat deur middel van die Lekhelakommissie 'n enorme bydrae gelewer het tot die totstandkoming van die Mafikengkampus.

Prof Mphahlele was 'n student van prof Lekhela, wat die eerste Visekanselier van die voormalige Universiteit van Bophuthatswana was.

Prof Mphahlele het prof Lekhela beskryf as 'n groot denker en 'n goeie skrywer, 'n nederige man wat nooit uit voeling geraak het met gewone mense nie. Hy was eers 'n onderwyser, 'n skoolhoof en later 'n inspekteur voordat hy aangestel is as dosent by die Universiteit van die

Noorde. Hy het by UNISA studeer en die volgende grade behaal: BA, BEd, MEd en DEd. Hy en dr Billy Manvate het ook die volkslied van Bophuthatswana gekomponeer.

Prof Lekhela se seun, mnr Thepo Lekhela, het sy dank uitgespreek teenoor die Universiteit dat hulle sy vader op hierdie manier eer.

“Dit was stimulerend om te kon skouers skuur met akademië en intellektuele wat daarin geslaag het om teen alle verwagtinge in sukses te behaal en groot bydraes gelewer het tot die ontwikkeling van ons land. Ons kan maar net hoop dat die jeug van vandag hierdie groot leiers as rolmodelle sal sien,” het hy gesê.

## Optimiste plant bome

Boomplanters is optimiste. Hulle glo dat klein boompies eendag skaduwee sal verskaf vir toekomstige geslagte.

Ter viering van sy 30ste bestaansjaar het die Mafikengkampus tydens die afgelope Inter-kampus Sosiale Dag 'n boomplantseremonie gehou.

Akademieë en ondersteuningspersoneel van al vier besigheidseenhede het aan die feestelike deelgeneem en 30 kareebome geplant – al met die pad langs tussen die hoofingang van die Kampus en die Lost City-koshuise.

Die Interkampus Sosiale Dag was 'n groot sukses. Die dag se tema was “sokker” en personelede het aangetrek soos die spanne wat hulle ondersteun.

Pryse vir die sokkerondersteuner met die kleurrikste uitrusting is toegeken aan mnr Pule Pule en Malaki Mohonti, albei ondersteuners van Orlando Pirates, en me Tshepi Molemane, wat Bloemfontein Celtics ondersteun.

'n Interkampus-colloquium is ook gehou sodat akademiese personeel interaksie kon hê oor aangeleenthede wat onderrig aan hoëronderwysinstellings direk beïnvloed.



*Die Mafikengkampus het 30 bome geplant om sy dertigste bestaansjaar te vier. Van links is mnr Samuel Modikoe, bode van die Institusionele Kantoor, Malaki Mohonti, bode van die Fakulteit Opvoedingswetenskappe, en Lester Mpolokeng, Uitvoerende Bestuurder in die Kantoor van die Kampusrektor, beide van die Mafikengkampus.*

## Sekretaresse-aand neem traumatiese wending

'n Gala-dinee wat onlangs by die Mmabatho Palms-hotel gehou is om die bekendstelling van 'n spesiale program vir die sekretaresse van die Mafikengkampus te vier, het 'n traumatiese wending geneem toe die casino deur 'n bende gewapende rowers binnegeval is.

In die pandemonium wat losgebreek het, het baie van die casino-gaste in die onthaalokaal gaan skuiling soek. Danksy die kophou vermoë van die organiseerders en die gaste is niemand in die onthaalokaal ernstig beseer nie.

Ongelukkig is 'n joernalis wel noodlottig gewond by die ingang van die hotel. Die Universiteit het berading gereël vir die getraumatiseerde personelede om hulle te help om die gebeure te verwerk.



# NWU-Sports Village amptelik geopen



Die nuwe Sports Village bestaan uit 'n administratiewe blok wat kantore, 'n restaurant met 160 sitplekke, 'n kroegarea, twee konferensielokale en mediese kamers huisves. 'n Verhitte swembad en 80 dubbelkamers is ook deel van die kompleks.

Die nuwe NWU-Sports Village, wat die Spaanse sokkerspan tydens die komende Sokker Wêreldbeker sal huisves, is onlangs in gebruik geneem. Die Rektor van die Potchefstroomkampus, prof Herman van Schalkwyk, het die gedenkplaat onthul en gesê die kompleks simboliseer die Universiteit se verbintenis tot sport.

Volgens prof Annette Combrink, die Voor-sitter van die plaaslike reëlingskomitee rondom die Wêreldbeker in Potchefstroom, is die stad trots daarop dat die Spaanse

sokkerspan Potchefstroom as oefensentrum gekies het. "Ons hoop die Sports Village sal vir die Spaanse sokkerspan 'n tuiste weg van hulle huis word," sê sy.

Die reisbestuurder van die Spaanse Sokkerfederasie, mnr Antonio Limones het gesê hulle is baie tevrede met die hoë standaard van fasiliteite wat die Universiteit vir hulle geskep het. Die Sports Village sal na afloop van die Wêreldbeker onder meer deur internasionale atlete en besoekers aan die stad gebruik word.

## Internasionale kenners gee groen lig vir SVO-programme

Die Skool vir Voortgesette Onderwysersopleiding (SVO) het 'n uitstekende verslag ontvang ná vier internasionale kenners van afstandsonderrig die program en bedryf evalueer het.

Volgens prof Manie Spamer, Direkteur van die SVO, is die programme van die SVO selfs beter as soortgelyke programme in die wêreld aangeslaan.

Die SVO het vanjaar kenners van Australië, België, Uganda en Engeland op aandrang van die Internasionale Raad vir Afstandsonderrig genooi om die evaluering te doen.

"Die Skool behoort baie trots te wees op die kwaliteit van sy werk, wat in 'n relatief kort tydperk 'n standaard bereik het wat in sekere aspekte met die beste in die wêreld vergelyk kan word," sê hy.

Die SVO se programme is in 2002 begin en bedien tans sowat 22 000 onderwysers in die land en Namibië. Die doel van die program is om ongekwalifiseerde of ondergekwalifiseerde onderwysers minstens tot op 'n driejaar-opleidingsvlak ná matriek te neem.

## Dosente van Fakulteit Ingenieurswese bereik nuwe hoogtes

Twee broers van Potchefstroom se droom om 'n wêreldklas-sweeftuig te vervaardig, is onlangs verwesenlik.

Mnr Attie Jonker, 'n dosent by die Skool vir Meganiese Ingenieurswese, en mnr Uys Jonker, tesame met hul vennoot mnr Johan Bosman, ook 'n dosent by die Skool vir Meganiese Ingenieurswese en die stukrag agter Jonker Sailplanes, se sweeftuig, die JS1 Revelation, het die eerste Suid-Afrikaanse sweeftuig geword om aan Europese lugvaartstandaarde te voldoen.

Dié sweeftuig het onlangs 'n vliegtuig-tipe-sertifisering van die Suid Afrikaanse Burgerlugvaartowerheid ontvang. Dit is die eerste keer dat hierdie tipe sertifikaat



Potchefstroom se wenspan! Mnr Attie Jonker sit in die JS1 Revelation-sweeftuig. By hom is mnr Johan Bosman (links) en sy broer, mnr Uys Jonker (regs).

in die land en op die vasteland uitgereik word. Die JS1 Revelation het al vier kampioenskappe gewen en het ook 'n bronsmedalje van die Royal Aeronautical Society (RAeS) in London ontvang.

Jonker Sailplanes is die eerste Suid-Afrikaanse organisasie ooit om so 'n prestige-toekenning van die RAeS te ontvang sedert laasgenoemde se totstandkoming in 1866.

# Hare waai tydens **KANSA Shavathon**

**K**aalgeskeerde koppe en helder-kleurige haarstyle was onlangs aan die orde van die dag toe die Vaaldriehoekskampus aan die Kankervereniging van Suid-Afrika (KANSA) se jaarlikse Shavathon-fondsinsamelingsaksie deelgeneem het.

Die doel van die veldtog is om kanker-oorwinnaars te ondersteun en die lewende te vier. Volgens mev Elizabeth Maapete, primêre gesondheidsorg-klinieksuster, ken elkeen iemand wat deur kanker geraak is en dui deelname aan die projek op 'n simboliese samehorigheidsgevoel.

Dit is die eerste keer dat die Kampus aan hierdie inisiatief deelgeneem het, en te oordeel aan die positiewe reaksie sal dit beslis nie die laaste keer wees nie.

'n Skenking is na afloop van die inisiatief aan die Vaaldriehoek-Kankervereniging gemaak.

*Kevin Thando het Sunel van Coller se blonde hardos gesproeiverf ter nagedagtenis aan 'n vriend wat sy stryd teen kanker verloor het.*



## Kampus herdenk Sharpeville-insident

Die Vaaldriehoekskampus het onlangs die 50ste herdenking van die Sharpeville-insident in oënskou geneem. Dr Oupa Moshedi het 'n gedenklesing ter nagedagtenis aan die slagoffers gelei.

Die doel van die gedenklesing was nie net om erkenning te gee aan diegene wat hul vir akademiese vryheid beywer het nie, maar ook om die belangrikheid van onderwys en die voorreg verbonde aan tersiêre onderrig te beklemtoon.

Dr Moshedi is 'n voormalige lektor in Politieke Wetenskappe aan die Kampus en die skrywer van die boek, "The road from Sharpeville to freedom". Hy is tans verbonde aan die Universiteit van Johannesburg.

*\*Die Sharpeville-insident het op 21 Maart 1960 plaasgevind toe meer as 200 studente beseer en 69 dood is tydens 'n betoging teen die apartheidswetgewing. In soortgelyke optrede is 'n student noodlottig gewond by die Vanderbijlpark-Polisiestasie.*

## Kampusbiblioteek spog met unieke 'Trapgalery'

**D**ie Vaaldriehoekskampus-biblioteek is die tuiste van baie méér as net boeke en akademiese kennis, dit bied ook 'n unieke platform vir plaaslike kunstenaars.

Die sogenaamde "Trapgalery" het tot stand gekom na die voltooiing van die opgraderingsprosesse by die biblioteek. Die groot staaltrappe word gebruik as uitstalruimte vir werke wat wissel van fotografie en abstrakte kunste tot kleurvolle skilderye en sketse.

Aanvanklik is 20 plaaslike kunstenaars genooi om deel te neem en kort voor lank het meer as 200 kunswerke hul weg tot die biblioteek gevind. Die uitstalling, wat ses keer 'n jaar te sien is, sluit nie net gevestigde kunstenaars nie, maar ook plaaslike talent uit die Vaaldriehoekstreek in.

In 2010 sal gerekende kunstenaars soos Nell Marais, Omega en Celia 'n geleentheid kry om hul werke ten toon te stel.

Die uitstalling kan besigtig word vanaf 09:00 tot 20:00 op Maandae tot Donderdae en vanaf 09:00 tot 17:00 op Vrydae.



*Van die werke wat reeds hul debuut by die gewilde "Trapgalery" gemaak het.*

# Sy snuffel geld uit

**M**e Mandi Wallace weet n t hoe om vir die NWU geld in die hande te kry.

Mandi, wat die Opleidingsfasiliteerder by die Institusionele Kantoor se Organisasie en Ontwikkeling is, het beding sodat 11 mense wat onlangs klaar studeer het, van 1 Mei 2010 af tot 30 April 2011 as vakleerlinge by die NWU kan werk.

Hulle sal by die Institusionele Kantoor en drie kampusse se afdelings vir mensehulpbronne, finansies en rekeningkunde werk. Terwyl die ETDP SETA hul salarisse betaal, kry hulle die geleentheid om waardevolle ondervinding op di  terreine op te doen.

## STUDENTE BAAT OOK:

- 30 vierdejaar- BEd-studente kry vanjaar beurse ter waarde van R20 000 elk.
- 90 onderwysstudente kry R1 500 elk vir kos en verblyf wanneer hulle praktiese leersessies by skole moet bywoon.

## NASIONALE VOORSITTER

Mandi se pogings om geld vir opleiding te kry, het 'n verdere hupstoot ontvang toe sy onlangs verkies is as nasionale voorsitter van die Gemeenskap vir Beste Praktyk (Engels: *Community of Best Practice* – COD).

Opleidingsfasiliteerders van die 23 ho ronderwysinstellings in Suid-Afrika is lede van di  liggaam.

Boonop is sy ook lid van die ETDP SETA se Kamer vir Ho ronderrig, waar sy een van net vier mense is wat gekies is om die 11 openbare universiteite in die land te verteenwoordig.

Volgens Mandi kan sy nou selfs nog beter as voorheen vir fondse beding.

“Die lede van di  liggame help mekaar om probleme uit te stryk. Ons kry ook eerstehandse inligting oor byvoorbeeld wette en regulasies wat verander. Ons kan ook ons behoeftes bekend maak aan die SETA en aan Ho ronderwys Suid-Afrika, wat ‘n medelid is,” s  sy.

*Me Mandi Wallace lei nou die nasionale liggaam, bekend as die Gemeenskap vir Beste Praktyk, waar opleidingsfasiliteerders van ho ronderwysinstellings met mekaar netwerk.*

## Wat is 'n SETA?

SETA is 'n akroniem vir die Engelse *Sector Education and Training Authority*. In Afrikaans is dit die Sektor-owerheid vir Onderwys en Opleiding. Die 23 verskillende SETAs in Suid-Afrika is staatsliggame wat fondse kanaliseer vir opleiding om in die land se vaardigheidsbehoefte te voldoen.

## Wat is die ETDP SETA?

In Engels staan ETDP vir *Education and Training Development Practice*. In Afrikaans is dit Onderwys-, Opleiding- en Ontwikkelingspraktyk. Dit is die SETA wat die ho ronderwysinstellings in Suid-Afrika verteenwoordig wat opleiding betref.



## Moenie dat stres jou boelie nie

Lyk jou inmandjie soos ‘n papierpiek van Kilimanjaro? Of moet jy elke keer tot 10 tel voor jy ‘n spanningsvolle situasie kan hanteer? Indien wel, is die NWU se komende stress-assesseringsprojek nommerpas vir jou.

Die doel van di  projek is om werknemers meer bewus te maak van stres en uitbranding. Dit beoog ook om werknemers wat aan uitbranding ly, of wat vinnig op pad is daarheen, te identifiseer en hulle te help. Die opname is vertroulik en alle personeellede word aangemoedig om deel te neem, sodat die Universiteit gepaste intervensies kan beplan.

“Personeel gaan binnekort elektroniese vraelyste kry om te voltooi,” s  me Shelley-Ann Williams, Bestuurder: Werknemerwelstand. Afriforte, ‘n privaatsektor-maatskappy wat deur WorkWell, ‘n navorsingseenheid vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe van die NWU geskep is, het die vraelyste ontwikkel. Hulle sal die inligting daarna verwerk om die stresvlakke by die NWU te bepaal.

Nadat die vraelyste voltooi is, sal alle deelnemers ‘n verslag terugkry. Die stelsel sal outomaties diegene identifiseer wat aan uitbranding ly of wat simptome toon wat daarmee verband hou.

Werkswinkels oor stres hantering sal dwarsoor die NWU gehou word om personeel te help om stres en uitbranding te hanteer. Dit sal hulle ook help om dit te voorkom.

Meer inligting oor die projek sal mettertyd bekend gemaak word.

# Goed, beter, **BESTE**



Prof Herman van Schalkwyk, nuwe Rektor van die Potchefstroomkampus, (tweede van links) het tydens sy inhuldiging laat blyk dat goed nog lank nie so goed soos uitnemend is nie. By hom is van links prof Themba Mosia, Institusionele Registrateur, dr Theuns Eloff, Visekanselier, en Kgosi Leruo Moletlegi, Kanselier.

**A**s prof Herman van Schalkwyk moet kies tussen goed, beter en beste, is beste vir seker sy voorkeur.

Dit het duidelik geblyk uit sy toespraak toe hy op 23 Maart as die tweede Rektor van die NWU se Potchefstroomkampus ingehuldig is.

Vir prof Herman is dit belangrik om nie net na 'goed' te streef nie, maar na grootsheid. "Ons moenie met die krummels tevrede wees as die hoofdis op die tafel wag nie," het hy gesê.

Hy het ook na die volgende aanhaling uit Jim Collin se boek "Good to Great" verwys: *Good is the enemy of great.* "Wanneer ons selfvoldaan begin raak omdat mense sê ons is goed, verloor ons die geleentheid om beter of die beste te wees."

## **KWALITEIT EN UITNEMENDHEID**

Ander sleutelwoorde wat ook dikwels in sy toespraak opgeduik het, was kwaliteit en uitnemendheid. Hy het byvoorbeeld gesê kwaliteit behoort die botoon te voer in die visie van die Universiteit. Meganismes moet ook ontwikkel word om die kwaliteit van navorsingsuitsette uit te brei.

Daarby het hy gesê personeel moet vir hulself persoonlike doelwitte stel wat uitnemendheid as stempel dra. "Ons moet onself afvra wat 'n goeie vakkundige en navorser is en hoe ons multidissiplinêre en multinasionale navorsing kan inspan om die breër doel van die Universiteit en land te dien."

Volgens hom is sy kerntaak as Rektor om met visioenêre leierskap, diensbaarheid en 'n deelnemende bestuurstyl die Universiteit se langtermynverbintnisse uit te brei. Dit sal help om die NWU nasionaal en internasionaal te posisioneer as 'n uitnemende en innoverende universiteit wat bydra tot die wêreld se welvaart en veral tot die oplossing van probleme in Afrika.

Vir prof Herman is dit belangrik om nie toe te laat dat 'goed' die vyand van grootsheid is nie, maar dit wil blyk dat dié gevaar nie sommer gou die oorhand op die Potchefstroomkampus gaan kry nie. Inteendeel: onder sy leierskap behoort die beste voortdurend die botoon te voer.

Prof Herman volg professor Annette Combrink as Rektor op en is vir 'n termyn van ses jaar aangestel.

## **Prof help met eiesoortige soospitseremonie**

**S**oospitseremonies sal nooit weer dieselfde wees nie.

In plaas daarvan om 'n graaf en spierkrag te gebruik, is 'n stootskrapeer onlangs ingespan om te begin met die grondverskuiwing waar die aanloopbaan van die Potchefstroomse lughawe verleng word.

Prof Annette Combrink, Direkteur: Internasionalisering en Fondswerwing by die Institusionele Kantoor, het die seremonie saam met mnr Maphetle Maphetle, Burgemeester van Potchefstroom, waargeneem.

Die aanloopbaan word verleng sodat die passasiersvliegtuie wat die Spaanse sokkerspelers tydens die Sokker-wêreldbeker gaan vervoer hier sal kan land en opstyg.

Die aanloopbaan sal van 1 488 m tot 1 800 m verleng word en sal na dese geskik wees vir vliegtuie wat tussen 70 en 74 passasiers vervoer.

"Die Potchefstroomkampus maak 'n stuk grond aan die stadsraad beskikbaar vir die verlenging van die aanloopbaan – dit is die Universiteit se tasbare bydrae tot die lughaweprojek," sê prof Annette.



Prof Annette Combrink en mnr Theo Venter van die Visekanselier se kantoor beskou die gedeelte waar die aanloopbaan verleng gaan word vanuit die stootskrapeer wat vir die seremonie gebruik is.

# En die wenners is...

Baie geluk aan die volgende kollegas wat elk 'n korporatiewe geskenkpak gewen het:



**Institusionele Kantoor:**

Me Mpho Letheya, komitee-sekretaresse in the Departement Institusionele Korporatiewe Bestuurs- en Sekretariaatsdienste.



**Mafikengkampus:**

Mnr Joseph Moathodi, biblioteekassistent in die Mafikengkampus-biblioteek.



**Potchefstroomkampus:**

Me Annemarie Pretorius, akademiese assistent in die Departement Akademiese Ondersteuningsdienste.



**Vaaldriehoekkampus:**

Me Helga van der Schyff, administratiewe assistent, Quest-konferensiesentrum.

Baie dankie aan almal wat deelgeneem het – ons het behoorlik 'n klomp inskrywings van elke besigheidseenheid van die NWU ontvang. As jy hierdie keer nie so gelukkig was nie, is daar nou wéér 'n kans om aan ons opwindende kompetisie deel te neem.

# WEN!-WEN!-WEN!

Jy kan 'n korporatiewe geskenkpak wen – vind net hierdie **10 antwoorde!**



Identifiseer die nabyskote en verskaf die bladsynommers waar hulle verskyn.

- 6: Wat is die NWU se kultuurkwosient vir 2009?
- 7: Watter akademikus was betrokke by die TV-program wat die Joernalis van die Jaar gemaak het?
- 8: Wie was die gasspreker by die werkswinkel wat die Institusionele Kantoor gehou het om Menseregtedag te vier?
- 9: Watter tye kan die uitstalling by die Trapgallery besigtig word?
- 10: Hoe lank sal die aanloopbaan van die Potchefstroom Lughawe wees nadat dit verleng is?

**STUUR JOU ANTWOORDE AAN:**

**Pos:** Marelize Santana, Interne bussie 260

**E-pos:** Marelize.Santana@nwu.ac.za met Eish! in die onderwerpblokkie.

**Onthou:** Noem ook asseblief jou personeelnommer, titel, voornaam, van, postitel, naam van jou afdeling en kampus

Die eerste korrekte inskrywing per besigheidseenheid wat getrek word, sal 'n prys loslaan!



ELIZE SCHUTTE

ILLSE NEL

JACO-PHILIP ELLIS

GRANNY MOGOTSI

LYDIA BOTHA

RIAAN CREMER

RINA SCOTT

ALDINE OOSTHUYZEN

MARIETA OLIVIER-DU PREEZ

VUYANI MJEKULA

CORLIA DE BEER

ANTOINETTE MOERDYK

SONETTE FERREIRA

SYDNEY VOS

# Mense wat myle stap...

*Soos in die vorige uitgawes wil Eish! weer eens erkenning gee aan al die NWU-kollegas wat altyd bereid is om die ekstra myl te loop in hul daaglikse werksverrigting.*

**Me Elize Schutte**, Direkteur van die afdeling Studente Administratiewe stelsels in die Institusionele Kantoor is dit eens dat haar hele afdeling absolute staatmakers is. Sonder haar medewete is sy ook terselfdertyd deur haar kollegas genomineer vir haar wonderlike gesindheid en uitmuntende ondersteuning op alle terreine. Ons maak dus ook graag vermelding van die res van die afdeling:

**Mnr Jaco-Philip Ellis**, stelselspesialis, **mee Lydia Botha**, sekretaresse; **Rina Scott**, bedryfstelselspesialis; **Marieta Olivier-du Preez**, **Corlia de Beer**, **Sonette Ferreira** en **Illse Nel**, almal junior stelselspesialiste. Doen so voort!

Volgens mnr Kiran Odhav, senior lektor in die Sosiologie Departement van die Fakulteit Geestes- en Sosiale Wetenskappe op die Mafikengkampus, is **me Granny Mogotsi**, dekaansekretaresse van dié Fakulteit iemand wat geprys moet word vir haar harde werk. "Sy is altyd reg om te help en is 100% gefokus en toegewyd in haar werk," sê hy.

Nog 'n personeellid wat 'n pluimpie verdien is **mnr Riaan Cremer**, Beheerbeampte: opleiding in die Departement Beskermingsdienste op die Potchefstroomkampus. Me Alta Cilliers, 'n senior administratiewe assistent in dieselfde departement sê hy is 'n dierbare kollega wat altyd uit sy pad gaan om 'n persoon te help. "Hy is altyd vriendelik en professioneel en almal wat hy oplei het die hoogste respek vir hom! Hy is 'n juweel."

Me Annette Willemse, Bestuurder: Korporatiewe Kommunikasie op die Vaal-driehoekskampus nomineer graag vir **me Aldine Oosthuyzen**, IT-Bestuurder op dieselfde kampus. Volgens haar loop Aldine werklik die tweede myl – vir personeel en studente, én sy doen dit altyd met 'n glimlag. "Sy is altyd bereid om te help, en is 'n bo-baas planmaker en kenner op haar gebied. Haar menslikheid en omgee vir ander maak van haar 'n ster-kollega!" sê Annette.

**Mnr Vuyani Mjekula**, 'n tegnikus in die Sentrum vir Diergesondheidstudies op die Mafikengkampus is nog 'n staatmaker. "Ek is werklik beïndruk met sy goeie gesindheid en bereidwilligheid om enige iemand te help – van personeel en studente tot mense van die gemeenskap," sê mnr Phindile Mhlongo, bode vir dié sentrum. "Ek wil hom graag aanmoedig om voort te gaan met die goeie werk wat hy doen!"

Me Esme Brazer, sekretaresse van die Fakulteit Teologie op die Potchefstroom-kampus nomineer graag vir **me Antoinette Moerdyk**, administratiewe bestuurder van die Fakulteit Teologie en registrateur van die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. "Antoinett is werklik altyd beskikbaar – almal is altyd welkom in haar kantoor. Haar werk word onmiddelik opsy gesit en jy is die belangrikste persoon in die kantoor. Dit is voorwaar 'n plesier en voorreg om met haar te mag saamwerk! Ons het werklik groot waardering vir haar hulp en kundigheid."

**Mnr Sydney Vos**, senior studente-adviseur in die Departement Studente-ontwikkeling op die Vaaldriehoekskampus se bereidwilligheid om te help gaan nie ongesiens verby nie. "Sydney is nooit te besig vir enige iemand nie en hy probeer altyd om te help waar hy kan. Hy toon empatie, is plat op die aarde en respekteer almal, ongeag die persoon se status," sê me Ruth Kgabung, senior administratiewe assistent in die Departement Akademiese Administrasie op die Vaaldriehoekskampus.

**As jy graag 'n kollega wat die ekstra myl in die uitvoering van sy/haar daaglikse pligte stap, wil nomineer, stuur gerus 'n e-pos aan [Marelize.Santana@nwu.ac.za](mailto:Marelize.Santana@nwu.ac.za). Onthou asseblief om jou en die persoon wie jy nomineer se postitel en relevante departement of skool ook in die e-pos aan te dui.**

# Beskryf of kiek jou **ex gratia-verlofavontuur** en wen 'n **prys**

**K**osteloos, gratis en mahala is almal sinonieme vir 'verniet', maar die gunsteling-gonswoord by die NWU is beslis 'ex gratia' – veral as dit gebruik word as "ex gratia-verlof".

Almal by die NWU sien uit na die ex gratia-verlof van 28 Junie tot 9 Julie wat goedgunstiglik toegestaan is om die personeel te bedank vir hul harde werk en om vir hulle die geleentheid te gee om die FIFA-wêreldbeker by te woon.

Hou jou kamera en skryfgoed byderhand en vertel vir ons ná die tyd in woorde of in beeld watter groot avonture of luiweeslekkertes jy in dié twee weke beleef het.

As jou beskrywing of foto uniek, snaaks of besonder is, mag dit vir jou 'n korporatiewe geskenk in die sak bring. Ons gaan een wenner van elke besigheidseenheid aanwys – hetsy vir 'n vertelling of vir 'n foto.

Jou beskrywing mag nie langer as driehonderd woorde wees nie en die foto moet publiseerbaar wees, want ons gaan die wenvertellings en wenfoto's in die eerste Eish! ná die Wêreldbeker publiseer.

**Stuur jou foto of vertelling  
(in Afrikaans, Engels of Setswana) na  
nelia.engelbrecht@nwu.ac.za of  
Nelia Engelbrecht, Bussie 260,  
Institusionele Kantoor, NWU.**



Aangesien die NWU gewoon is om doele aan te teken op die hoëronderwyspeelveld, moet die Spaanse sokkerspelers fyn trap, of dr Theuns Eloff – met die ondersteuning van sy eggenote, me Suzette Eloff – wys hulle hoe dit gedoen moet word. Laduuuma!



Die **NWU** se unieke karakter bestaan uit **diverse** en **innoverende** dimensies wat oor **al** ons aktiwiteite en bedrywighede strek. Wat ons **hoofsportsoorte** betref is ons vir die afgelope vyf jaar tussen die **topuniversiteite** in Suid-Afrika.



[www.nwu.ac.za](http://www.nwu.ac.za)